ARTIKELS OF BRIEWE
kan gestuur word aan die Gereformeerde Vroueblad:

E-pos: cobiesteyn@live.com;
Faksnommer: 086 714 6157;
SMS: 082 555 9586;
Slakkepos: Posbus 178,
Lydenburg 1120.

kerk@digitaal.net

Geliefde susters in die geloof,

Ek het grootgeword in die tyd van biblioteke en boeke, en as student het ek kennis gemaak met mikrofiche (of mikrofilm) waarop boeke verklein is om bergruimte in die biblioteek te spaar. Klank is hoofsaaklik op klankkasette en plate gestoor. In my derdejaar, in Biblioteek- en Inligtingskunde 1 (wat 'n klompie studente as stopvak geneem het, tot die professor se groot frustrasie) het die ouerige professor iets gesê wat my laat dink het dis tyd vir hom om eerder af te tree: "Dames en here, nie baie lank van nou af nie, gaan die mens in staat wees om 'n reuse klomp inligting, sommer baie boeke, op 'n klein skyfie te stoor" en die professor se hande het so 'n sirkeltjie die grootte van 'n laserskyf (beter bekend as 'n CD of DVD) beduie. Ek wil net sê: professor, ek is jammer ek het jou so onderskat!

Ons eerste rekenaar het 'n 486-karakter geheue gehad en ek en manlief was beïndruk... min het ons kon droom van hardeskywe se kapasiteit wat nie meer in Gigabytes uitgedruk word nie, maar in Terrabytes. Ons het toe almal gehoor van die tegnologie wat van die wêreld 'n "*Global Village*" gaan maak, maar nooit gedink dat dit in ons leeftyd so sal wees nie: As jy nie geld het vir 'n vliegkaartjie nie, kan jy nog steeds met die druk van 'n knoppie saam met jou geliefde kind in haar sitkamer in London "sit" en gesels.

En tog... as die Here nie vir die mens gawes gegee het om die tegnologie so te ontwikkel nie, sou dit nie kon gebeur nie. En die stof, die materie waaruit al hierdie elektroniese produkte vervaardig word, word deur God voorsien. God skep, die mens kan ontwerp, maak en ontwikkel.

Wat maak die gelowige met al hierdie toerusting? Mag 'n mens dit gebruik? Vroeg, net aan die begin van die tegnologiese ontploffing, is daar soms beweer dat die rekenaar 'n instrument "in die hand van Satan" is, maar dit is van alle waarheid ontbloot. Elke gelowige staan in 'n persoonlike verhouding met die Here en moet teenoor die Here verantwoording vir sy of haar dade. Ook oor die manier waarop jy jou selfoon, jou rekenaar, die internet, Skype of Twitter gebruik.

En die wêreld van tegnologie dra ook by tot Koninkrykswerk. In hierdie uitgawe vertel die Gereformeerde Kerk Belville hoedat hulle die tegnologie tot eer van God inspan en Hennie Dekker van Die Bybelgenootskap vertel ons van die wonderlike gerief om die Bybel op selfoon te hê.

As dit nie vir tegnologie was nie, sou die Here my nie in staat kon stel om redakteur van hierdie blad te wees nie. Ek sit in Lydenburg, ons bladuitlegkunstenaar bevind haarself in Johannesburg en ons drukker is in Pretoria. Ons redaksie is oor die aarde versprei: Annatjie du Plessis bly in Namibië! Tog "praat" ons gereeld met mekaar (in ons sogenaamde Elektroniese Saampraat elke maand). Dit alles te danke aan die wonder van tegnologie.

Geniet die tegnologie en gebruik dit tot eer van God!

Cobie Steyn

NS: Stuur 'n SMS na 082 555 9586 (begin SMS met *VB*:... of epos 'n brief aan cobiesteyn@live.com of stuur 'n brief per slakkepos na Posbus 178 Lydenburg 1120 en lug jou mening oor die blad of oor enigiets wat op hierdie oomblik in jou hart leef. Ons publiseer graag SMS'e en briewe in ons gereelde brieweblad. Verskaf asseblief jou posadres wanneer jy vir ons slakkepos- of eposbriewe aanstuur.